I.M.S.
Vol. 1 No. 31

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
STELLENBOSCH
16 JUL 1962
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

MUNISIPALITEIT **MUNICIPALITY**

STELLENBOSCH

Burgemeesterskantoor,
Stadhuis,
Stellenbosch.
19 April 1962.

KONGRESSE

Die afgevaardigdes van die Raad na die Munisipale Kongres wat op Oos-Londen gehou is, het teruggekeer.

Op die oomblik wil ek net sê dat die President, raadslid Erasmus van Port Elizabeth, herkies is en ook ons Onderburgemeester, rdl. W. C. Dempsey, as Onder-president.

Intussen het die kongres van die Instituut van Stadstesouriers op Port Elizabeth plaasgevind.

Ook hierdie kongres wat deur ongeveer 225 afgevaardigdes bygewoon is, was baie leersaam. Dit is deur Sy Edele die Administrateur geopen. Hy het daarop gewys dat nie altyd besef word nie dat mense eintlik meer aan die munisipaliteit betaal deur middel van belastings en diensgelde as aan die Staat en Provinsie. Munisipale owerhede, as 'n groep, speel 'n baie belangrike rol in die kapitaalmark en sal dus al hoe meer verplig wees om in hul eie kapitale behoeftes te voorsien.

Die Administrateur is ook die gedagte simpatiek gesind dat plaaslike owerhede plaaslike handelaars behoort te ondersteun en het gewaarsku teen die aankoop van groot voorrade by groothandelaars. Afgesien van 'n laer prys wat in die eerste instansie betaal word, is daar ander faktore wat daarteen mag opweeg.

Die President van die Instituut het natuurlik in sy rede 'n verskeidenheid van sake aangeraak, maar blykbaar het die beswaar wat hy gemaak het teen die finansiering van paaie uit belastings, lewendige belangstelling en bespreking uitgelok.

Die basiese gedagte was of dit regverdig is dat 'n persoon wat geen voertuig besit, verplig word om tot die finansiering van strate by te dra. Die president het bepleit dat 'n belasting op petrol vir die doel gehef word wat dan in direkte verband staan tot die motoris se gebruik van paaie.

Die referaat van dr. S. Biesheuvel, Direkteur van die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing, oor personeelnavorsing en menslike doeltreffendheid en geluk, is besonder interessant gevind. Onder andere het hy gewaarsku teen die gebruik van aansporingslone wat probleme kan skep wat veel groter is as wat beoog was om daarmee op te los.

Prof. C. G. W. Schumann het 'n referaat gelewer oor „Sentralisasie vs. Desentralisasie" in openbare administrasie. Onder andere het hy beklemtoon dat indien 'n bepaalde noodsaaklike en nie-self-betalende sosiale diens die beste deur òf die sentrale regering òf die Provinsie òf 'n munisipaliteit verrig word, dan moet die nodige fondse daarvoor uit die totale belastings van 'n land gevind word en mag die funksieverdeling tussen genoemde owerhede nie primêr beïnvloed word deur die inkomstebronne waaroor elkeen apart beskik nie.

DIE BRAND OP STELLENBOSCHBERG

Om 5.30 vm. op Vrydag, 6 April 1962, is gerapporteer dat 'n bergbrand in die omgewing van Paradyskloof uitgebreek het. Die brand het sulke afmetings aangeneem dat die Bosboudepartement ook arbeiders gestuur het om die munisipale span by te staan.

Die brand het tot Maandag, 9 April, voortgewoed.

Gelukkig was dit moontlik om die munisipale plantasies te red. Maar ons betreur ten diepste die verwoesting van die natuurlike plantegroei en die verskriklike lyding wat die bergdiere moes verduur.

Weer eens is die groot waarde van ons radio-kommunikasiestelsel bewys.

Ek spreek my opregte dank uit aan almal wat gehelp en saamgewerk het. Ons het gelukkig nog nie afgeleer om saam te staan as gevaar dreig nie.

---

4 Mei 1962.

VERKEERSAKE

Die korrespondent, by name Jan Burgerhuis, se brief in die Eikestadnuus van 9.3.1962 noem etlike probleme in ver-

band met die verkeersdiens in die algemeen enersyds en met die kleredrag, brille en persoonlike aspekte van die beamptes andersyds. Die kommentaar oor laasvermelde laat ek maar links lê.

Wat die diens self betref, word daar van die personeel verwag om kennis te neem van onreëlmatighede waar en wanneer hulle dit opmerk. Daar word baie gepraat van oordeelkundige optrede, maar ek wil nog verneem of daar twee mense is wat dieselfde vertolking aan hierdie begrip onder dieselfde omstandighede sal gee. Daar kan aanvaar word dat elke oortreder van die reëls gewoonlik 'n baie goeie rede vir sy gedrag kan aanvoer. Die verweer dat 'n oortreding dan nie té danig ernstig is of gevaar skep nie, kan nie aanvaar word nie. Verkeersreëls is geen nuwigheid nie — hulle is al vir baie jare van toepassing en in die meeste gevalle word hulle willens en wetens oortree. Daar is so baie van ons inwoners wat dit reg kry om geen oortreding te begaan nie, en dit sonder enige moeite. Wanneer wil die res dan leer om ook saam te werk?

Ek wil die bewering maak dat minder as vyf-en-twintig persent van die oortredings in die dorp opgeteken word. Om almal op te teken — daarvoor het ons net nie die personeel nie. In die loop van 1961 is daar in die totaal 3,179 kaartjies uitgereik, waarvan slegs 803 ten opsigte van parkeer-oortredings was. In 954 gevalle is waarskuwings uitgereik, hoofsaaklik waar dit eerste oortredings behels het.

Mnr. Jan Burgerhuis bied raad aan oor die gewenste posisie van stopstraatstrepe. Ek wil die versekering gee dat sulke sakies deeglik uitgepluis word deur deskundiges, nie van Stellenbosch nie, maar oor die hele land. Hulle standpunt is dat 'n voertuig wat op 'n straathoek stilhou, nie die voetgangerverkeer moet belemmer nie, veral in die besige dele van 'n dorp. Die motoris moet dit nou maar aanvaar dat sy bewegingsvryheid al meer en meer ingekort word. Dis die normale gang van sake, hier en elders. Oor die hoë heinings is ons dit heeltemal eens, maar ek sal bly wees as ons advies kan kry oor hoe daar met die onwillige eienaar te werk gegaan moet word. Die betrokkenes kry gereeld kennis, maar min steur hulle daaraan. Die uitweg is natuurlik dat die Raad dit self doen. Ons amptenare probeer dit soms, maar dis nie 'n taak wat hulle met graagte aanpak nie.

Voorts word daar melding gemaak van die moontlike verwydering van sommige Historiese Monument-eike, vermoedelik omdat hulle die uitsig van die motoris belemmer, en miskien ook omdat hulle wegkruipplek vir die verkeerspersoneel

bied. Ek sal dit liewer nie waag om hieroor kommentaar te lewer nie.

Ek is nie bewus daarvan dat daar ooit sprake van 'n kommissie van ondersoek na ons verkeersprobleme was nie. In die loop van 1957 is die Provinsiale Verkeershoof gevra om sekere aangeleenthede te ondersoek, maar hy het hom hoofsaaklik tot kantoor-organisasie en prosedure beperk. Daar is niks met ons stelsel van verkeersreëling verkeerd nie — die beginsels word oral toegepas en die beamptes kry sistematiese opleiding daarin. Ons moeilikheid is die veronagsaming van die reëls deur die publiek, soos mnr. Burgerhuis self opgemerk het. Van die gevalle wat hy noem, word daar wel deeglik kennis geneem. Om spoedvalle in die sentrale dorp te stel is nie so 'n eenvoudige proses nie. Die alternatief is om 'n bestuurder vir roekelose bestuur aan te kla, maar ek weet nie of 'n vervolging al ooit geslaag het nie.

'N VRIENDELIKE WAARSKUWING

Die datum waarop fietslisensies uitgeneem moes word is lankal verby en diegene wat in gebreke gebly het om lisensies uit te neem of te hernu moet te eniger tyd verwag dat die verkeersbeamptes op hulle sal toesak en sonder verdere waarskuwing vervolg.

18th May, 1962.

BLOOD TRANSFUSION SERVICE

On behalf of the local branch of the Western Province Blood Transfusion service, the Chairman of the branch, Mr. N. van Blerk, has approached me with the request to lend publicity to an appeal to all who are in a position to do so to support the service — and I gladly adopt the heading which he suggests, namely — "For Humanity's Sake".

A campaign has been set afoot at Stellenbosch and elsewhere for the recruiting of new donors who are urgently needed.

The service covers a large part of the Cape Province. The demand for blood by the hospitals of this area is steadily growing. As a result serious shortages occur from time to time.

During the last few years, so I am informed, the Stellenbosch Branch has been able to step up its contribution considerably: from 637 pints in 1958 to 2,549 in 1961. Those who are able to judge feel, however, that Stellenbosch could do very much better still. Owing to its strategic position, it could

easily become the most important country branch of the service.

As the great majority of the donors — all credit to them — are students, the weekly figures of pints collected drop alarmingly during the long University holidays. Hence the present recruiting campaign. During the following weeks voluntary recruiters will canvass the town and I hereby earnestly lend my support to their personal efforts and wish them every success in their attempt to persuade many more of our citizens to become donors. I am confident that everybody knows what depends on the hospitals having ample supplies of blood and what a tragedy it would be if, where lives of our fellow human beings are at stake, they should fail.

In conclusion I would like to emphasise that the matter is urgent and that co-operation in this humane cause would be deeply appreciated.

THE NEW MUSEUM

The meeting of subscribers to the Museum (to be established at Grosvenor House) which was advertised, has taken place in the Council Chamber at 8 p.m. on Monday, 14th May.

The attendance revealed that Stellenbosch is not indifferent to the proposal and that the desire to keep ahead of the times is as strong as ever.

Practically all those present enrolled as subscribers on the spot after hearing my statement explaining the position that has been created as a result of the proclamation of the Administrator, which applies the Museums Ordinance to Stellenbosch and has created the possibility of establishing the Grosvenor House Municipal Museum.

Once the subscribers had been enrolled, it was possible to proceed to the nomination and election of 2 members who are to serve on the future Board of Trustees. Mr. H. T. van Huyssteen and Prof. J. Trümpelmann were duly elected from amongst those who were nominated. Their active interest in matters of art is known and I am confident that they will manage the affairs of the Museum ably and with the success I wish them. As soon as the Council has been notified of the official nominees of the Administrator, the Board of Trustees can meet, the Council having already nominated as its representatives the Mayor and the Chairman of its Museums Committee (Clr. G. C. Osler).

A great deal of work lies ahead of the Board of Trustees to whom the Grosvenor House property will now have to be transferred.

Whereas the affairs of the Museum were in the past conducted by the Municipality, they will now be entirely in the hands of the Board of Trustees. I appeal to the people of Stellenbosch to lend their support to the new Board and above all, to enroll as subscribers, as without financial aid, the Board will be hampered in its efforts to create what is being aimed at, namely a Museum truly worthy of Stellenbosch and its unique character.

S. W. J. LIEBENBERG.

PRO EC.